

# The Investment Analysts Journal

Number 3, November 1973

# Die Beleggings- Navorsers Tydskrif

Nommer 3, November 1973

For investment analysts, 1973 will long be remembered as a year during which perspectives and dimensions, intimate to their professional activity, were changed in dramatic fashion. At the corporate level, two major mergers, in the industrial and financial sectors, gave notice that the trend to bigness in business, prompted by the search for the economies of operation or the desire to enhance competitive position and growth, is gathering a new momentum. At the international level, the October War in the Middle East and the oil crisis that has followed in its wake, not only raised the possibility of a major world recession but also reminded us that economic growth, as we have understood it until now, cannot continue unchecked without serious consequences for raw material reserves and the environment.

1973, however, will also be remembered for its developments in world money and capital markets and for a universal worsening of inflationary tendencies. For investment analysts, the sharp fluctuations in interest rate levels that occurred during the past twelve months, touch the very heart of their search for financial value; while inflation, not without its impact on interest rate levels, has confused the growth picture and threatened to make nonsense of conventional accounting procedures.

The persistence of inflation and technological change (with which it has become greatly confused in the post-war period) have compelled all concerned with corporate performance and control, to think again about the purpose profit and loss accounts and balance sheets are intended to serve. Should these faithfully and accurately reflect only what has happened in the past? Or should they be adjusted and changed so as to help as a guide to the future? The trouble is that an affirmative answer to either one of these questions often precludes an affirmative answer to the other.

Though it might seem that an accountant should limit his concern to the facts and, thus, preserve his impartiality in business matters, such an approach in a world of inflation and rapid technological change has serious limitations. Indeed, it runs the risk that the picture he presents to management might even encourage the taking of decisions detrimental to the interest and even survival of the enterprise entrusted to its care.

Unfortunately for us, these effects of inflation and changing technology are not limited solely to individual businesses. They have, too, a wider economic significance. Through their effect at the micro-level they also concern the macro-performance of the economy having a particular bearing on the quality and magnitude of total investment. They, thus, affect the very competitiveness of South African industry in export markets and the long-term health of the balance of payments.

It is for these reasons that an article on inflation and accounts has been included in this issue of the Journal. It is our hope that the article will not only draw attention to matters of technical interest but will also serve as a trigger to further discussion on a vitally important topic. Without such further discussion and the corrective

Beleggingsnavorsers sal 1973 lank onthou as 'n jaar waarin perspektiewe en dimensies eie aan hul professionele bedrywighede dramatiese veranderings ondergaan het. Op korporasievlak het twee belangrike samesmeltings in die nywerheids- en finansiële sektore die aandag daarop gevestig dat die neiging na groter omvang in besigheid, aangespoor deur die strewe na ekonomiese werking of die behoefte om posisie van mededinging en groei te bevorder, steeds besig is om momentum te verkry. Op internasionale vlak het die Oktober-oorlog in die Midde-Ooste en die daaropvolgende oliekrisis, nie alleen die moontlikheid van 'n belangrike wêreldresessie laat ontstaan nie, maar het dit ook by ons tuis gebring dat ekonomiese groei, soos ons dit tot dusver geken het, nie ongehinderd kan voortgaan sonder om 'n ernstige invloed op grondstofreserwes en die omgewing te hê nie.

1973 sal egter ook onthou word vir die ontwikkelings wat ondervind is op wêreldgeld- en kapitaalmarkte en vir die universiële verergering van inflasionêre neigings. Sover dit beleggingsnavorsers aangaan, het die skerp fluktuasies in rentekoersvlakke wat gedurende die afgelope twaalf maande voorgekom het, die kern van hul strewe na finansiële waarde aangerak; terwyl inflasie, die invloed waarvan op rentekoerse nie uitgebly het nie, die beeld van groei verwar het en die bestaansreg van konvensionele rekeningkundige prosedures bedreig het.

Die volgehoue aard van inflasie en tegnologiese verandering (waarmee dit in die na-oorlogse jare grootliks verwar is) het almal betrokke by korporatiewe prestasie en beheer genoodsaak om heroerweging te skenk aan die doel wat wins-en-verliesrekeninge en balansstate dien. Behoort die rekeninge slegs ware en redelike weergawes te wees van wat in die verlede gebeur het? Of behoort aanpassings en veranderings aangebring te word wat sal dien as 'n gids vir die toekoms? Die probleem is dat 'n bevestigende antwoord op enige van die twee vrae gewoonlik 'n bevestigende antwoord op die ander uitsluit.

Hoewel dit mag voorkom of 'n rekenmeester hom slegs by die feite moet bepaal en dus sy onpartydigheid in sake van besigheid moet nhou, sal so 'n benadering in 'n wêreld van inflasie en snelle tegnologiese verandering, mank gaan aan ernstige gebreke. Inderdaad word die risiko geloop dat die beeld wat hy aan bestuur voorhou, die neem van besluite kan bevorder wat nadelig kan wees vir die belange van en selfs die voortbestaan van die onderneming aan wie dit toevertrou is, kan aantast.

Dit is ongelukkig so dat die effek van inflasie en veranderde tegnologie nie alleen beperk is tot individuele besighede nie. Daar is ook 'n wyer ekonomiese betekenis. Deur die effek wat dit het op die mikro-vlak word makro-prestasie van die ekonomie geraak wat 'n besondere invloed het op die kwaliteit en omvang van totale investering. Sodoende word die mededingingsposisie van die Suid-Afrikaanse nywerheid in uitvoermarkte en die langtermyn-toestand van die betalingsbalans direk beïnvloed.

---

action it might help bring about, there is the grave risk that distortions already evident in our investment and financial decision-making processes will become exaggerated in the future with unfortunate consequences not only for individual investors but also for the long-term health of the whole of our economy.

The Editor

Om dié redes is 'n artikel oor inflasie en rekeninge in hierdie uitgawe van die Tydskrif ingesluit. Ons vertrou dat die artikel nie alleen die aandag sal vestig op sake van 'n tegniese aard nie maar dat dit ook sal dien as 'n aansporing tot verdere bespreking van 'n uiters belangrike onderwerp. Sonder verdere bespreking en die korrektiewe optrede wat daarop mag volg, bly die gevaar bestaan dat verbuigings wat alreeds waarneembaar is in ons investerings- en finansiële besluitnemingsprosesse, in die toekoms nog verder vererger sal word, met ongelukkige gevolge nie alleen vir individuele beleggers nie maar ook vir die langtermyn-welvaart van ons hele ekonomie.

Die Redakteur